

ESKOM HOU 'n PISTOOL TEEN ONS KOPPE

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO

Gedurende Januarie 2008 het 'n sluimerende energiekrisis uiteindelik sy ware kleure gewys toe grootskaalse kragonderbrekings 'n algemene verskynsel geword het. Die krisis is toegeskryf aan Eskom se gebrek aan visie en totale onvermoë om betyds nuwe kapasiteit vir die groeiende ekonomie te skep. Kort na hierdie krisis het Eskom die nasionale energiereguleerder, NERSA, met 'n enorme 60% verhoging in kragtariewe genader wat meegebring het dat die gemiddelde koste van krag van 18 sent/KW na 29 sent/KW gestyg het.

Die meerderheid kraggebruikers het op daardie stadium aanvaar dat die aansienlike verhoging 'n tydelike maatreeël sou wees om die onmiddellike kragkrisis te kon aanspreek. Dit was egter nie die einde van die buitensporige aanpassings nie aangesien die tariewe ook daarna jaarliks met ver meer as 20% aangepas is sodat die tarief in 2012 op 66 sent/KW te staan gekom het. Sedert 2008 het die tarief dus in totaal met 268% gestyg.

Aan die einde van 2012 kondig Eskom aan dat hy by NERSA gaan aansoek doen dat sy tariewe vir die volgende vyf jaar telkens met 16% aangepas moet word. Indien hierdie tariewe in Maart 2013 goedkeur word, sal kragtariewe op 1 April 2013 tot in 2018 elke jaar met ver bo die verwagte inflasiekoers verhoog word. Dit sal die tarief vanaf die huidige 61 sent/KW uiteindelik op R1.28/KW te staan bring wat 611% meer sal wees as waar dit in 2008 begin het.

Vraagbestuur

Eskom het verskeie programme in werking wat kragverbruikers ontmoedig om krag te gebruik en in sommige gevalle word gebruikers selfs vergoed om minder krag te gebruik. Dit het daartoe bygedra dat die spitsverbruik van 37,065MW in 2011 tot 35,422MW in 2012 afgeneem het. Dit beteken 'n 4.6% verlaging in verkoopbare krag.

Die doel agter hierdie insentiewe is om druk op die oorlaaide opwekkingskapasiteit te verlig. Die programme behels die volgende:

- Terugkoop ooreenkomste met industriële gebruikers;
- Vrywillige energiebesparingskemas met die 500 grootste kraggebruikers;
- Resedensiële kragverminderingsinsentiewe waar laevloei stortkoppe, langlewe gloeilampe, geyser komberse, tydskakelaars en sonverhittingspanele by woonhuise geïnstalleer word;

- Kragwaarskuwings wat op televisie uitgesaai word en 'n beroep op gebruikers doen om minder krag te gebruik.

In die praktyk het hierdie programme onder andere meegebring dat die Xstrata-Meraferrochroomvennootskap R330 miljoen van Eskom gaan kry nadat daar ooreengekom is om 5 van sy 20 chroomsmelters in Suid-Afrika vir drie maande lank van begin Januarie tot einde Maart af te skakel. Die Amerikaanse maatskappy, Comverge, het verder 'n transaksie met Eskom van \$27 miljoen (ongeveer R240 miljoen) beklink om vir sestien maande lank 'n vrywillige kragbesparingsprogram in die industriële sektor te bestuur.

Op die oog af klink dit bemoedigend maar dit beteken eerstens dat diegene wat wel krag gebruik vir die implementering van hierdie programme moet betaal. Tweedens word die ekonomie benadeel omdat produksie onderbreek moet word. By implikasie kos krag dus duurder sodat sommige gebruikers MINDER moet gebruik, met die gepaardgaande inkorting in produksie.

Verskuilde kragkoste

Die onregmatige gebruik van krag word wyd in die media gepubliseer. Die kwantifisering van hierdie verlore krag is nie moontlik nie maar hoe duurder krag gaan word, hoe groter gaan hierdie verskynsel word. Dit plaas meer druk op regmatige gebruikers om vir hierdie verlies aan krag te betaal.

Hoewel nie werklik diefstal nie, voel baie ekonome ook dat die ooreenkoms wat Eskom met BHP Biliton het, wel aan diefstal grens. Hiervolgens word krag teen 4 sent/KW aan laasgenoemde se aluminium smelters verskaf terwyl net die energiekoste om krag op te wek reeds 23 sent/KW beloop. Volgens Eskom se eie berekeninge sal die gevolglike verlies oor die res van die kontrak se leeftyd hom R5.5 miljard kos wat 'n hoër tarief vir die res van die gebruikers meebring.

Dit is in die parlement bekend gemaak dat die twee nuwe kragstasies, Medupi en Kusile, teen R32 miljard elk opgerig sou word. As gevolg van onvoorsiene koste sal hierdie twee projekte egter teen R158 en R116 miljard saam met addisionele rente voltooi word. Omdat hierdie twee kragstasies volgens alle aanduidings aansienlik later as die aanvanklike beplanning voltooi gaan word, gaan daar ook nog boetes aan die kontrakteurs betaal moet word vir die ophoude. Die addisionele koste is dus drieledig naamlik aansienlik meer kapitale uitgawes as wat aanvanklik voor begroot is, boetes vir die uitgerekte oprigtingsperiode en dan ook die gepaardgaande meer rente wat uiteindelik deur kraggebruikers betaal betaald gaan word.

Infrastruktuur

Die 16% verhoging vir die volgende vyf jaar lok uiteraard heelwat negatiewe reaksie uit. Tog is daar sekere ontleders wat tereg besorg is of die 16% voldoende gaan wees. Johan Muller van Frost & Sullivan is van mening dat die jongste produktiewe kragstasie van Eskom reeds 20 jaar oud is wat beteken dat die res van Eskom se opwekkingskapasiteit

volgens internasionale standaard reeds na aan die einde van hulle leeftyd is. Selfs al sou die nuwe kragstasies dus met 9,200 MW in produksie kom, moes daar reeds 'n vervanging van 10,000 MW se verouderde kragstasies begin plaasvind het. In die lig hiervan is die 16% verhoging dus nie voldoende om die kapasiteit werklik uit te brei nie. Dit gaan in wese net instandhou wat reeds bestaan.

Daar is menige opinies dat die bestaande verspreidingsnetwerk ook verouderd is en toenemend ontoereikend raak om krag aan gebruikers te lewer. Hoewel verskeie gebruikers dus reeds by 'n punt is waar kragtariewe onbekostigbaar geraak het, bestaan daar 'n wesentlike besorgheid dat die infrastruktuur se vermoë om krag op te wek én af te lewer nie langer aan die vraag sal kan voldoen nie.

Samevattend

Eskom slaag tans net-net daarin om 'n krisis af te weer maar die netwerk beweeg grootliks op die rand van die afgrond. Dit is net die bestuur van die vraag (teen 'n koste) en ook die beperking op ekonomiese groei wat 'n ineenstorting van die kragvoorsiening verhoed. Die land se kragnetwerk is dus steeds onder krisis en dit sal so bly tensy daadwerklike stappe deur kraggebruikers self geneem word.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is tot 'n baie groot mate op die veronderstelling gebou dat krag goedkoop is, geredelik beskikbaar is en in oorvloed geproduseer kan word. Hierdie uitgangspunt het sedert 2008 wesentlik in die gedrang gekom omdat Eskom dit eensydig verander het. Dit het tot gevolg gehad dat energie-intensiewe ondernemings se produksievermoë beperk geraak het en dat sommige selfs nie meer winsgewend kan produseer nie. Waar krag in die verlede 'n onbeduidende deel van die kostestruktuur was, het dit nou groot prioriteit geraak omdat dit aansienlik vinniger én hoër as enige ander koste-item gestyg het. Dit is nie net die onbeheerbare prysstygings wat 'n risiko vir besighede geraak het nie maar ook die beskikbaarheid van krag en dit plaas groot druk op die toekomstige volhoubaarheid van meeste ondernemings.

Volgens alle aanduidings is daar steeds 'n kragkrisis wat in die nabye toekoms eerder gaan vererger as wat dit opgelos gaan word. Beperkte hoeveelhede krag gaan dus toenemend teen 'n aansienlik hoër prys aan die hoogste bieders verkoop word want Eskom se beleid is eenvoudig: "As julle die ligte wil aanhê moet julle meer betaal." Met dié pistool teen die kop sal elke onderneming dus sy bekostigbare krag op die mees effektiefste manier moet aanwend.